SPESIAAL SARIE-LESERSTOER

SAAM MET Marita IN Frankryk

Hier's jou kans om 'n stukkie van dié mooi land te beleef deur die oë van SARIE se rubriekskrywer **Marita van der Vyver** – van Parys tot die bekoorlike Limousin-provinsie. Ons wag vir jou!

PRYS
R29 250
p/p wat deel
R34 500
per enkelkamer

WANNEER
SARIE-TOER 1
11 September – 20 September 2009
SARIE-TOER 2
25 September – 4 Oktober 2009

BESPREEK SÓ
Rufaro Destination Management
Skakel 021 462 7022,
e-pos kitty@rufaro.co.za

DIT SLUIT IN
• Retoerreisgeld in ekonomiese klas van O.R. Tambo na Parys (Air France) • Verblyf in 'n 3-ster-hotel in Parys, 'n luukse-hotel in Aubusson • Ontbyt en aandetes • Alle vervoer en besienswaardighede • Tweedeklas-retoertreinkaartjie van Parys na Aubusson NIE ingesluit nie: • Schengen-visum • Reisversekering • Persoonlike items

DAG 6

Kry weer inspirasie met salige buitelug-etes, prentjiemooi markplein-ekskursies en volop ek-tyd op die skilderagtige Franse platteland.





DAG 1 – 2



Jou toer begin met 2 dae in Parys, waar jy tuisgaan in 'n hotel in die Opera-gebied. Skrywer Marita van der Vyver sal jou vergesel na van die beste kuns- en kultuurskatte en die lekkerste inkopie-paradyse en eetplekke uitwys.

Van daar reis ons per trein na Montluçon, en dan per luukse-bus na Aubusson. Hier span ons vir vyf dae uit in die betowerende Hôtel Château Sallandrouze, vroeër 'n vervalle 19de-eeuse herehuis wat deur Suid-Afrikaner Lanie van Reenen en vennote as luukse-hotel ingerig is. Verken die outydse dorpie te voet en besoek die tapisserie-museum, die Manufacture St. Jean en winkeltjies wat nou nog hul bestaan maak uit die kunsverlede van Aubusson.

Die volgende vyf dae is ons reis-spyskaart die ene interessantheid: die Orsan-tuine, die huis van skrywer George Sand, piekniek by Lac Vassivière en die porselein-fabrieke van Limoges. Ons kuier 'n dag lank by Louis Jansen van Vuuren (bekende SA kunstenaar) en Hardy Olivier by hul Château de la Creuzette op die naburige dorpie Boussac. Ons stap saam na die markplein om middagete-bestanddele te koop vir hul gunsteling-geregte wat ons saam in hul somer-kombuis geniet. Daarna besoek ons die Boussac-kasteel en geniet 'n glasie sjampanje met Louis en Hardy voor ons terugkeer na Aubusson.

Saans kuier jy saam met Marita en Lanie terwyl sjef Christophe Chabanel Franse geregte optower. Etes is onder die sterre, in die formele Café Sallandrouze of die informele Bistrot Boma.

Daar's ook tyd vir masserings, laat slaap of net met 'n boek in die son opkrul . . .

Vir die volledige reisplan, besoek sarie.com.

Ontdek romantiese Parys: die kunsskatte en straatkafees, die allerheerlikste koffie en croissants . . . en ervaar die luukse chateau-leefwyse!

DAG 4 – 9



Foto's Inge Prins, Carina Stander, Gallo Images/Getty Images, Rodger February